# DANKWOORD AAN PROF. A. N. PELZER BY GELEENTHEID VAN SY UITTREDE AS HOOFREDAKTEUR VAN HISTORIA

Ek ag dit 'n besonder groot eer om op versoek van die Voorsitter van die *Historiese Genootskap van Suid-Afrika* 'n paar woorde tot u te rig by geleentheid van u uittrede, op eie versoek, as hoofredakteur van *Historia.* Waar ons vandag as die Transvaalse Hoofbestuur van die *Historiese Genootskap van Suid-Afrika* bymekaar is, doen ek dit in die eerste plek namens hierdie Bestuur. Ek wil egter die vrymoedigheid neem om dit ook namens die Federale Hoofbestuur, wat eers oor 'n paar maande sal vergader, te doen, en veral ook namens al die lesers van *Historia* sedert die eerste uitgawe in Junie 1956 verskyn het.

U sal u herinner hoe, toe die *Historiese Genootskap van Suid-Afrika* in 1956 tot stand gekom het, die behoefte aan 'n tydskrif as amptelike orgaan vir die *Genootskap* baie sterk aangevoel is. U sal u ook herinner hoe die destydse Hoofbestuur van die *Genootskap* lank en ernstig oor die oprigting van so 'n blad beraadslaag het en uiteindelik, ten spyte van baie probleme en selfs bedenkinge uit sommige oorde, besluit het om tog die daad by die woord te voeg en *Historia* die lig te laat sien. Die Hoofbestuur, waarvan u lid was, het tot die beslissing gekom op grond van sy geloof in die noodsaaklikheid dat iets dringends gedoen moes word om die saak van geskiedenis in ons skole en onder ons volk in die algemeen te bevorder; verder ook op grond van sy geloof in die geregverdigheid van ons saak en in die uiteindelike sukses van ons onderneming. En hierdie geloof is tot dusver nie beskaamd nie.

By die oorweging van die oprigting van die blad het die Hoofbestuur besef dat, benewens finansiële en baie ander faktore, die grootste enkele faktor om die suksesvolle inslag, doeltreffendheid en voortbestaan van die tydskrif te verseker, die redakteurskap is. Gelukkig was dít vir die destydse Hoofbestuur sowel as vir al sy opvolgers tot hede toe *geen* probleem nie want uit die staanspoor is eenparig gevoel dat hierdie belangrike taak aan niemand anders as u opgedra kon word nie. Dat u u die versoek in 1956 om as hoofredakteur op te tree laat welgeval het en hierdie taak tot nou toe ononderbroke uitgevoer het, te midde van 'n baie druk program en vele verantwoordelikhede, stem die *Historiese Genootskap* in al sy vertakkinge deur die afgelope sowat 13 tot 14 jaar heen tot groot vreugde en dankbaarheid en wel om verskillende redes. *Historia* is vandag die trots van die *Historiese Genootskap van Suid-Afrika.* Veertien jaargange het die lig gesien en uiterlik maak die reeks 'n indrukwekkende vertoning op die boekrak van menige individu en in baie biblioteke. Maar veral ook wat die inhoud betref, is die blad 'n sieraad in ons historiese lektuur — die enigste van sy soort in Afrikaans — en het dit op 'n gebalanseerde wyse kennis en insig ten opsigte van baie onderwerpe uit ons geskiedenis op 'n baie breë vlak versprei. *Historia* is die sigbare spoor wat die *Historiese Genootskap* in die afgelope 14 jaar geloop het.

Dít kon alleen gebeur met 'n hoofredakteur soos u aan die stuur. U persoon — ek noem opsetlik u persoon eerste — en u integriteit was in die eerste plek 'n waarborg vir die status van die blad, en u het aan *Historia* beslis 'n status gegee. U persoon was ook die waarborg dat daar van die kant van skrywers nooit, sover my kennis strek, 'n tekort aan publikasiemateriaal was nie, selfs al word skrywers nie vir hulle bydraes vergoed nie. U akademiese status en wetenskaplike bekwaamheid, en veral die belangstellende voeling wat u steeds met die werklikheid en die gewone daaglikse behoeftes van ons volk op die geskiedenisakker openbaar, het verseker dat *Historia* 'n blad van *gehalte* geword het. En dit alles tesame, het die Hoofbestuur deur die jare heen met vertroue en gerusstelling vervul en selfs na buite ook soveel vertroue gewek dat die staatsowerheid die blad mildelik ondersteun.

U het die in die afgelope 14 jaar belangrike grondleggingswerk gedoen, waardeur u u naam, onopsetlik en onbewus, onafskeidelik aan die geskiedenis van *Historia* en die *Historiese Genootskap van Suid-Afrika* verbind het. Maar u het die blad ook op 'n hoë voetstuk geplaas en sodoende duidelik rigting vir die toekoms aangetoon, sodat u invloed ook nog verder in die voortbestaan van *Historia* sy rol sal speel.

U het al die werk aan die hoofredakteurskap verbonde op 'n beskeie en onbaatsugtige wyse in ere-hoedanigheid gedoen. U was 'n dienswillige dienaar in die volste sin van die woord en sonder dat dit ooit die allerminste in u gedagte opgekom of in u bedoeling gelê het, het u vir uself 'n monument opgerig: *Historia,* die eerste 14 jaargange!

Vir hierdie diens wat u aan die *Historiese Genootskap* en in breër kring aan die skoolwese, ons volk en die saak van die vak wat vir ons almal dierbaar is, gelewer het, sê ons vandag aan u *baie dankie* in die volste en opregste betekenis en inhoud wat hierdie twee klein woordjies mag hê. Ons weet dat dit alleen die grotere verantwoordelikheid is wat u Universiteit aan u opgedra het wat u, ons weet dit ook, teen u sin, genoodsaak het om die hoofredakteurskap van *Historia* neer te lê. En waar ons u nou van ons opregte waardering verseker, wil ons u tegelykertyd die seën van die Here verder in u persoonlike lewe en in u nuwe betrekking toebid.

Prof. J. S. du Plessis.